

Kerssangdiens Program

<u>Wie</u>	<u>Wat</u>	<u>Detail</u>	<u>Tegnies</u>
Thys	Welkom & Musiek		1 CD1
Liturg	Reelings		2
	Stilgebed		3
Coenie	Voorlesing 1	Skepping (Musiek = "All the world He made was good")	4-5 (loop self)
	Musiek	"Son, maan en sterre" (Francois & Elisabeth)	6-21 (loop self)
	Voorlesing 2	Hemel en aarde. Die hemel sou God se woonplek wees, en die aarde - die mens se woonplek. Twee woonplekke...miljoene en miljoene ligjare uit mekaar. Van die aarde af, is die hemel onbereikbaar ver - geen manier hoe die mens op sy eie daar kan kom nie...	22
	Voorlesing 3	Regdeur die Geskiedenis het mense met verwagting opgekyk na die hemel, na die plek waar God woon. Hulle het gebid tot die God in die hemel, offers gebring vir die God in die hemel, en dag vir dag gebuig voor die onbekende God in die hemel. Dit was hulle godsdiens; hulle diens aan God.	23
	Voorlesing 4	Die God in die hemel het van tyd tot tyd Sy mense op die aarde besoek. Soms was die besoek op 'n berg gewees in rook en vuur soos met Moses; soms was dit 'n engel wat deur die God in die hemel gestuur was om 'n boodskap oor te dra, en baie keer sommer net 'n geruis in die windstilte.	24
	Voorlesing 5	Maar God het ver gebly...ligjare ver. Iewers in 'n ontoeganklike hemel... Dikwels het die mense uitgeroep en gedroom van die dag wanneer God sou naderkom: Jesaja 64:1 "As U maar die hemel wou oopskeur en wou afkom sodat die berge voor U skud! Kom af soos 'n vuur wat fynhoutjies laat brand, soos 'n vuur wat water laat kook."	25
	Voorlesing 6	Op 'n dag, 2000 jaar gelede, na miljoene jare se beplanning, het God die hemel oopgeskeur en neergedaal en 'n gewone mens geword... Die grens tussen hemel en aarde is vir eens en vir altyd oorgesteek... God het op die aarde kom bly...hier op ons aarde en die hemel is oopgesluit vir die mens... Vir die eerste keer in die geskiedenis van die kosmos het Hemel en aarde bymekaar gekom. Jesus se geboorte was meer as net 'n geboorte; dit was die God se manier om die hemel by die aarde te bring en 'n stukkie van Sy hemel vir ons te wys...	26
	Sang	"Al was ek nie daar nie" (1-2) "O Christus ons verlange" (1-2)	27 28-30
	Voorlesing 7	Godsdiens is een van die dinge wat die mens wesenlik anders maak as die dier. Net die mens kan godsdiens beoefen. Reeds in die prehistoriese tyd het die mens godsdiens beoefen. Alle mense regoor die wêreld neem deel in godsdiens. Alle mense reik op een of ander manier uit na een of ander godheid. Godsdiens gee mense hoop vir 'n lewe na die dood; dit dra mense in tye van gevaar en wanhoop; dit bemoedig mense in tye van oorlog en vervolging. Deur die loop van die geskiedenis het verskeie godsdienste in die mens se poging om 'n god te aanbid.	31

	Voorlesing 8	Hinduisme het sy ontstaan in Indië gehad. Hulle glo in karma of lewenskrag, 'n soort lewenswiel, en elke mens kry deur wedergeboorte deel aan hierdie krag. Hinduisme is 'n veelgodendom, en elke gelowige kan uit miljone gode die god kies wat hy wil aanbid: Vishnu, Shiva, Rama, Krishna en ander. Die werking en reels van Hinduisme word bekend gemaak in die Oepanishads. Wat dryf 'n Hindu? Vrees vir die oordeel van die gode, en die begeerte om hoër op te vorder in die lewenswiel.	32
	Voorlesing 9	Bieddisme is net soos Hinduisme 'n vreedsame en verdraagsame geloof. Dit gaan terug na die woorde en oorlewering van 'n enkele stigter: Boeddah. Hierdie geskifte staan bekend as die Dharma en is na jare se oorlewering neergeskryf. Die Boeddhis se redding lê nie in 'n god nie, maar in die regte lewe. Hy moet so selfloos as moontlik leef, wat hom laat opbeweeg teen die lewensleer. In hierdie proses is meditasie en nadenke van uiterste belang.	33
	Voorlesing 10	Die Islam geloof hou vas aan 'n enkele God met die Naam Allah. Hy is heilig en soewerein, en het Sy wil bekend gemaak deur Sy profete: Moses, Jesaja, Jeremia en ander. Hy is 'n streng God en eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Hy maak Sy wil bekend deur die Torah. Hy woon in die hemel en Sy onderdane leef in vrees voor Hom, vandaar die groot klem op die nakom van allerlei wette en reëls.	34
	Voorlesing 11	Die Christendom glo in 'n Drie-enige God: Een wese, drie persone. Van altyd af daar, van altyd af Drie-eenheid. Hy het geskep en Hy sorg vir alles. Hy kies uit genade 'n volk wat Hy kan liefhe en bederf. Hy openbaar Homself as 'n God van liefde, wat alle mense liefhet sonder aansien des persoons. Hy som Sy verhouding op as liefde, en gee aan Sy kinders die opdrag om Hom en mekaar lief te he. Wanneer die volk nie Sy wet kan nakom nie, stuur Hy Sy eie Seun om hier op aarde gebore te word en aan 'n kruis te sterf vir elkeen wat nie die wet kon hou nie...	35-44 (loop self)
	Blanko		45
	Visual	Baie gode?	46
	Musiekgroep	"Jesus is gebore"	47
	Musiekgroep	JR54:1-4 "Hierdie heilige nag"	48-50
	Voorlesing 12	<p>Wie sal ooit kan verstaan wat daardie nag in Betlehem gebeur het? Vir die wêreld was dit maar net nog 'n kind wat gebore is. Een van die duisende of miljoene kinders wat in armoedige of selfs haglike omstandighede gebore is. Dink net: 'n krip in 'n stal. Wie sou ooit kon raai dat hierdie kind in die stal God self is? Wie sou kon raai dat die God van die hegel vir 'n oomblik soos 'n baba sou kon lyk; dat Hy hulpeloos in 'n gewone vrou se arms sou lê en so normaal sou grootword dat niemand Hom as God sou herken nie. Ja, daardie nag het die grootste wonderwerk gebeur: God het mens geword. Hemel en aarde het bymekaargekom. Die God van die hemel het die God van die aarde geword. Die Een wat die mens van hulle sponde sou verlos, die Verlosser, het gekom!</p> <p>'N Dankgebed: Here, U kom! Wat kan ek anders doen as swyg en jubel? U kom! Die hemel skud, die aarde bewe en ek, ek mag lewe. 'N Duisend, duisend maal my dank, o Here. Amen.</p>	51

	Sang	<p>“Lied aan die Lam” “Op strooi in Sy wiegie” & “Daar hoog in die hemel”</p> <p>MUSIEK</p> <p>JR56:1-2 “Sy Naam is wonderbaar”</p>	<p>52-55 56-58</p> <p>58</p> <p>60-61</p>
	Voorlesing 13	<p>Vir wie sou jy eerste gaan sê het dat die koning van die wêreld gebore is? Miskien vir die parlement, of die kerk, of die media? God werk anders. Hy wil dit heel eerste vir ‘n paar herders gaan vertel. Gewone mense. Manne wat skape oppas. Nagwerkers. Meteens staan daar ‘n engel van die Here by hulle en die glans van die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle was gewoon aan donker nagte, maar op hierdie aand was dit skielik lig rondom hulle. “Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!” ‘N Herder vir die herders. ‘N Herder wat nie net skape soek wat wegraak nie, maar mense wat koers verloor het of weggeraak het. Is dit dan vreemd dat hulle haastig gegaan het om die groot Herder te ontmoet?</p>	62
	Sang	<p>Ges 90:1-3 “Herders op die ope velde” (2=dames) “Christuslied” (MG = vers, almal saam = refrein) “Nuwe kerslied” (1-4)(2=mans, 3=dames)</p>	<p>63-65 66-67 68-70</p>
	Voorlesing 14	<p>Om sterre te kyk, was hulle werk. Hulle het dit elke dag gedoen. Hulle het ‘n studie van die sterre gemaak en elke ster se posisie aangeteken. Maar hierdie aand was anders. Daar was ‘n vreemde nuwe ster; ‘n opvallende groot ster. Hulle het deur die boeke geblaai. Iewers moet daar iets geskrywe wees oor hierdie nuwe ster. Hulle het haastig na Jerusalem vertrek, na koning Herodus: Miskien sou hy weet. Herodus was baie ontsteld en het die geleerdes nader geroep. Die antwoord was in Miga 5:2. In Betlehem sou iemand gebore word wat oor Israel sou regeer. Hulle het haastig na Betlehem vertrek. Die ster het hulle gelei tot by die nuwe koning. Hulle het vir hom persente gegee: Goud vir ‘n koning, wierook vir ‘n priester en mirre vir ‘n profeet. En die slim manne het gekniel voor die Een wat alle wysheid het...</p>	71
	Sang	<p>Hal 40:1-2 “Betlehem ster” (T Christine op mic) LB345:1-2 “Kom alle getroues”</p>	<p>72-74 75-77</p>
	Voorlesing 15	<p>Anders as Islam, word God se kinders nie gedryf deur vrees nie maar gemotiveer deur liefde; Anders as Hinduisme word Sy kinders nie weer en weer gebore in eindelose poging om bo uit te kom nie, maar kry hulle die ewige lewe eenmalig en verniet; anders as Boeddisme gaan dit nie net oor die regte lewenswyse nie, maar oor ‘n persoonlike verhouding met ‘n lewende God. Waar staan jy vanaand? Is jou lewe een groot stel wette en reëls waarmee jy probeer om goed genoeg te wees? Of is dit dalk ‘n mooi, skoon lewe sonder God? Hy begeer ‘n persoonlike verhouding met jou!</p>	78-79 (loop self)
	Sang	<p>LB358:1-3 “Welkom o stille nag van vrede”</p>	80-82
	Voorlesing 16	<p>Kersfees gaan nie oor ‘n babatjie in ‘n krip nie; daar word elke dag honderde babas gebore! In hospitale, plakkerkame en ook in stalle. Dit verander nie die wêreld nie. Kersfees gaan oor baie meer. God het aarde toe gekom. Dis die enigste God wat aarde toe gekom het. Hy het die hemel oopgeskeur en hier kom bly. Hy het die hemel oopgesluit vir die mense en Hy het die aarde oopgebreek vir God. Daarom gaan kersfees oor Immanuel: Die God wat by Sy mense kom bly het. Daar is so baie gode in die wêreld; elke dag buig miljoene mense voor honderde gode. Kersnag sê: Daar is een God wat soveel omgee het dat Hy hier kom woon het...</p>	83
	Musiek	<p>“Stille nag” (Ronel & Ernst)</p>	84-89 (loop self)
	Sang (staande)	<p>Hal 35:1.2,4 “Die Heiland is gebore” Ges 96:1-3 “Stille nag”</p>	<p>90-92 93-96</p>

	Gebed	Uit Johan Cilliers	97
	Offergawe		98
	Visueel	“Jesus is nie meer ‘n baba nie”	99-111 (loop self)
Liturg	Slotwoord	<p>BOEDDHA Gebore : 560vC in Himalaja's. Oorlede : 480vC Lyk verbrand - as in 8 dele verdeel</p> <p>-bewaar in stoepas.</p> <p>Mekka</p> <p>Medina.</p> <p>China)</p> <p>Betlehem</p> <p>weer!</p> <p>MOHAMMED Gebore : 580nC (tradisie = 570) in Oorlede : 632nC Graf : Graf in die groot Moskee in</p> <p>MARX Gebore : 1818 Oorlede : 1883 (swak gesondheid) MAO (Leier van Kommunistiese</p> <p>Gebore : 1893 Oorlede : 1976</p> <p>JESUS CHRISTUS Gebore : +-7 vC in 'n stal in</p> <p>Sterf aan 'n kruis (+-26nC) Begrawe in 'n graf naby Jerusalem Staan op uit die dood (na 3 dae) Vaar op na die hemel. Leef vandag nog. Geen graf. Geen oorskot Hy leef en Hy regeer en Hy kom</p>	112
	Sang	<p>“In die hemel is die Heer” “Hy gaan kom op die wolke”</p>	113-119 120-122
	Bedankings		123
	Seen		124